**20 April** **Skrifgedeelte: Lukas 12: 4-34 (OAV)**
**Fokusgedeelte: Lukas 12:15, 21 (OAV)**
**HK, Vraag 110**

## Stel jou vertroue op God en nie op jou besittings nie

Die agtste gebod plaas ons midde in die wêreld van ons stoflike besittings. God se Woord het alles oor ons besittings te sê, want alles behoort letterlik en in die eerste plek aan die Here. Daarom mag ek nie steel nie. As ek steel, steel ek eintlik van God.

Ek mag op geen manier steel nie, ook nie deur gierigheid of luiheid of verkwisting nie. 'n Mens kan ook in God se oë as 't ware 'n dief wees, al het jy nog nooit iemand se goed gevat nie en al het jy jou besittings eerlik en met harde werk bymekaar gemaak! Jy doen dit wanneer geld en besittings jou onder die valse indruk bring dat alles veilig is.

Die gelykenis van die ryk dwaas staan in die middel van 'n preek wat die Here Jesus gehou het oor God se sorg vir sy kinders. Die Here sal sorg in tye van vervolging (Luk 12:11, 12) en óók vir die daaglikse te ete en drinke en kleding (Luk 12:22-34). Die ryk dwaas is 'n hardwerkende boer. Dit kon ook maar 'n sakeman, huisvrou of skoolkind gewees het. Dit het met hom so goed gegaan dat sy skure te klein geword het. Hy neem 'n berekende besluit. Sy skure moet vergroot word en dan kan hy maar tevrede agteroor sit en van sy opgeboude voorraad of pensioen vir die res van sy lewe leef (Luk 12:19).

Hy het egter vergeet om een saak by sy noukeurige berekeninge in te sluit. Hy het vergeet dat Gód (en nie geld of goed nie) jou lewe bepaal. Hy het vir homself skatte vergader sonder om ryk te wees in God! Die ryk dwaas se sonde was hebsug en gierigheid (Luk 12:15) en daarmee saam afgodery. Dit het vir hom gegaan oor die besittings wat hy wou hê en waarop hy sy vertroue gestel het.

Hoe baie keer maak ons nie somme met ons besittings en geld nie?! Waar moet ek my geld belê? Effektetrusts, geldmarkfonds? Prysskommelings, inflasie, rentekoerse, persoonlike behoeftes en die erfporsie vir naasbestaandes word fyn in berekening gebring. Dan sê ons vir onsself soos die ryk dwaas (Luk 12:19): "Siel, jy het baie goed wat weggesit is vir baie jare; neem, rus, eet, drink, wees vrolik."

Ryk wees in God is om God te erken as die besitter én gewer van alle dinge! Anders steel jy van God! Bid: "Onse Vader, gee ons vandag ons daaglikse brood …!"

*Sing: Skrifberyming 28:3 (1936-Beryming)*

*Ds. AH Stavast (Hennenman/Ventersburg/Senekal)*

~~~~~~~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~~~~~~~